

Begripstoets

Gebaseer op die storie *Vuyo en Unam*


Lees die eerste deel van die storie oor Vuyo en Unam. Maak seker jy verstaan al die woorde wat gebruik word en beantwoord dan die vrae. Gebruik volsinne.

Vuyo en sy familie wat uit twee ouer broers en 'n jonger suster bestaan, woon in die Oos-Kaap, aan die voet van die magtige Drakensberge. Rondom hulle dorp is golwende graslande en hoë berge en dit is moeilik om daar te stap. 'n Gewone motor sou op die skurwe gruispaaie sukkel en 'n 4x4, of selfs 'n bakkie, is buite die bereik van die familie. Maar hulle reken hulle het die beste vervoermiddel wat 'n mens kan hê, want hulle is geseën met 'n donkie met die naam Unam. In Xhosa beteken dit 'Hy is saam met my'.



Unam is 'n klein, grys donkie. He is so getrou soos donkies kan wees. Hy is ook sterk en trek die karretjie waarmee die hele familie hulle sake doen. Dit sluit in om die grond te bewerk, inkopies te doen, 'n muur te bou en om produkte mark toe onder in die vallei te neem. Hulle gebruik Unam en sy karretjie vir alles.

Vuyo het die vorige week veertien jaar oud geword, daarom word hy vir die eerste keer toegelaat om alleen met Unam en die karretjie mark toe te gaan. Tot dusver het hy altyd saam met sy broer Thembisa gegaan, maar nou kan Thembisa by die huis bly om te studeer.



Vuyo is opgewonde terwyl hy en Unam die pad vat. Dis 'n heerlike helder dag en die karretjie is gelaai met mielies, sorghum en groente. Alles verloop goed op pad mark toe en Unam lyk baie gelukkig. Vuyo verkoop alles by die mark en nadat hulle alles afgelaai het, neem hulle eers 'n tydjie om eers te rus en te eet voordat hulle die pad terug aanpak. Hy eet geroosterde mielies en Unam wei aan die kort grassies langs die pad. Vuyo is rustig. Die enigste klanke is 'n effense windjie in die bome en Unam wat snork om die stof uit sy neusgate te blaas.

Om die karretjie teen die heuwel uit te trek is altyd moeiliker. Daar is plekke waar die pad styl is met los klippe en 'n diep afgrond aan een kant. 'Omdat die karretjie leeg is,' dink Vuyo, 'behoort alles goed te gaan.' Hy word algaande meer bekommerd oor die grys wolke wat in die lug opstapel en die luggie wat al kouer word. Die weer was die afgelope tyd mooi en sonnig, maar donderstorms in die middag is nie buitengewoon nie.

Vrae

1. In watter provinsie woon Vuyo, en naby watter berg?
2. Wat is die naam van die familie se donkie, en wat beteken die naam?
3. Skryf 'n sin wat ons meer vertel van Vuyo se familie.
4. Die familie gebruik die donkiekarretjie vir verskillende dinge. Noem twee.
5. Hoekom dink jy is Vuyo opgewonde toe hy mark toe vertrek?
6. Wat neem Vuyo en Unam mark toe?
7. Wanneer span Vuyo en Unam uit om te rus en te eet?
8. Waarom is die tog huis toe moeiliker vir Unam?
9. Waaroer bekommer Vuyo hom effens?

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. There are no margins, text, or other markings on the paper.